

Hoe om

vir Coronavirus-simptome uit te kyk



Hoe om coronavirus-simptome te identifiseer

Die **HOOFSIMPTOME** van Covid-19 is:

- koors
- hoes
- sukkel om asem te haal

ANDER SIMPTOME sluit in:

- seer keel
- verloor smaak of reuk
- spierpyne



Wat om te doen

AS JY SIMPTOME HET

- Bly tuis en rus.
- Indien jy die VKO-program vanuit jou huis bedryf en die enigste praktisyn is, bel al die ouers om hulle in kennis te stel dat jou program gesluit is.
- Heropen jou program slegs wanneer 'n dokter toestemming gee dat dit veilig is.

DAAGLIKSE SIFTING

- Gebruik voor **ELKE** sessie die siftingskontrolelys om al die kinders en personeel vir simptome te sif.
- Indien 'n kind of personeellid **ENIGE** simptome het, mag hulle nie by jou program aansluit nie.

BEVESTIGDE GEVALLE

- Indien enige personeellid of kind positief vir Covid-19 getoets het, laat alle ouers dadelik weet.
- Maak jou area deeglik skoon met skoonmaakmiddels wat kieme doodmaak (soos 'n bleikmiddel).
- Kontak die provinsiale Departement van Sosiale Ontwikkeling vir advies of jy jou program moet sluit.

WEES OP DIE UITKYK VIR SIMPTOME

- Indien 'n kind simptome gedurende die dag toon, skei die kind van die ander kinders en gee vir hom/haar 'n masker om te dra. Bel die ouer of versorger om die kind dadelik te kom haal.
- Indien 'n personeellid simptome ontwikkel, stuur hom/haar dadelik huis toe.
- Maak enige area of oppervlakte, waarmee die persoon wat simptome het, in aanraking was, deeglik skoon. Kontak al die ouers nog dieselfde dag.
- Moenie enige iemand met simptome toelaat om terug te keer na die program nie, tensy hulle 'n doktersbrief het of bewyse dat die kind negatief toets vir die Koronavirus.

Onthou, enige persoon met simptome moet tuis bly en die naaste kliniek of Nooddienste se Noodlyn by

0800 029 999

skakelvir advies oor wat hulle moet doen.